

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 1

> *In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. (vers 1-2a)*

As God Homself aan ons bekendstel, vertel Hy verhale waarin

ons Hom sien optree. Dit vertel vir ons van God se besigwees met ons. Die hele Bybel is een groot verhaal van God wat die wêreld so liefhet dat Hy dit nie oor sy hart kan kry om dit prys te gee nie.
Daarom kan die prentjie van wie God is, natuurlik nooit volledig wees sonder die verhaal van God se Seun wat mens geword het nie. “Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God” (vers 3). In die verhaal van Jesus sien ons hoe God lyk, leer ons Hom ken soos Hy is. Dis een ding om te hoor dat God omgee vir jou, maar dit is ’n ander ding as jy sien hoe God se omgee in Jesus gestalte kry: hoe Hy mens word, hoe Hy met ’n vrou by die put van Sigar sit en gesels, hoe Hy by die graf van ’n vriend staan en huil …
Wil jy God ken? Kyk na Jesus!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026